# 30 Januarie 2024 - Lesing 227 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Hernieude wys op die natuurgebeure – 8/10/61

**NO: 8014** Weereens wil Ek julle inlig deur die stem van die gees dat julle **'n gebeurtenis met onvoorstelbare uitwerking tegemoetgaan**, dat julle mense iets sal ervaar met ‘n omvang van wat **nog nooit voorheen** gebeur het sedert die begin van hierdie tydperk van verlossing nie.

Want Ek wil die mense uit hul droomtoestand wakkerskud. Ek wil hê dat hulle nadink oor hulleself en dit is nog net moontlik deur 'n natuurgebeurtenis van so ‘n geweldige omvang dat niemand sy oë sal kan sluit vir die **groot tragedie** wat hierdie gebeure vir die mensdom sal beteken nie.

**Die hele wêreld** sal daarin deel en oral sal mense vrees om self getref te word deur dieselfde gebeure omdat daar vooraf glad geen voortekens was dat iets dergeliks verwag kon word nie en dat omrede hiervan die onrus oor die mensdom baie groot gaan wees. En dit sal ook baie duidelik vir al die mense wees dat hierdie gebeurtenis **nie deur menslike wil** veroorsaak is nie. Hulle sal weet dat daar 'n Mag aan die werk is waarteen hulle nie kan stry nie. Hulle sal besef dat die natuurelemente deurgebreek het, waaraan mense reddeloos oorgelewer is.

En dit is My bedoeling, want solank as wat mense altyd ander mense verantwoordelik hou vir dit wat in die wêreld gebeur, dink geen mens na oor homself nie.

Maar dit is My wil dat hulle **die weg na My sal vind**, en omdat die mense se lae geestelike vlak reeds tot op die punt gedaal het dat hulle ook My bestaan ontken, omdat die geloof in My gedaal het tot 'n minimum, moet Ek na die laaste middel gryp om Myself te bewys, ofskoon elke persoon homself nog afsonderlik daarteenoor kan opstel volgens sy wil. Want hy sal nie gedwing word om te glo nie. Hy kan vir homself ook 'n ander verklaring gee, en dit sal ook nie anders te verwagte wees nie.

En weereens sal **net 'n paar** My en My stem verstaan en ontvanklik wees daarvoor. Hulle sal My aanroep in die grootste nood en waarlik, Ek sal hulle wonderbaarlik te hulp snel omdat Ek hulle wil wen **om van My te getuig, dat hulle lewend vir My moet opkom wanneer die tyd aangebreek het.**

Ek moet baie ongewone middele aanwend, omdat die mense al so afgestomp is dat selfs die verskriklikste gebeurtenisse amper niks vir hulle beteken nie. Hulle ontvang die berigte daaroor en neem dit met hul ore op net om gou weer daarvan te vergeet, want hulle is nie self daardeur getref nie.

En daarom moet daar 'n gebeurtenis plaasvind **wat alle mense sal laat skrik,** omdat hulle nie sal weet of dit herhaal sal word nie, of daar slegs ‘n gedeeltelike vernietiging was en of die hele aarde uiteindelik daardeur geraak sal word nie . Hulle moet in hierdie toestand van vrees geplaas word want mense is net geïnteresseerd in hul eie lot, en daarom sal hulle angstig wees.

En dan sal daar 'n moontlikheid wees dat mense die weg na My sal vind en neem, en elke enkele persoon kan homself gelukkig ag as hy reeds kontak met My gemaak het of besig is om dit te doen, **wat tot My bid in gees en in waarheid.**

Weer en weer sê Ek vir julle dat julle gered sal word van ondergang, van 'n hernieude verbanning in die materie, as julle My gevind het, selfs as julle graad van volwassenheid nog baie laag is, sal julle in staat wees om die koninkryk van lig te betree. Julle sal kan aanhou opgaan aan die anderkant en hoef nie meer die duisternis te vrees nie.

Want as julle My gevind het, sal julle ook JaHshua Messias en Sy verlossingswerk erken en die seëninge van die Verlossingsdaad gebruik: Julle sal 'n beroep op Hom doen om vergifnis van julle skuld en julle sal die koninkryk van lig ingaan, in 'n verloste toestand. Of julle aanvaar die hulp van die gidse aan die anderkant sonder teenkanting, wat julle sal begelei tot by die Goddelike Verlosser. Maar dit beteken altyd dat julle My tydens julle lewe op aarde moet erken, dat julle My uit eie vrye wil aanvaar, wat bewys word deur elke innige gebed tot My.

En daarom sal ‘n onuitspreeklike nood die mensdom oorval, sodat hierdie oproep, wat julle lot tot in die ewigheid beslis, na My sal deurkom. Julle moet in My glo as julle God en Skepper Wie julle Vader wil wees, en daarom sal julle ook soos kinders tot die Vader moet roep. Maar dan het julle regtig nie meer nodig om bang te wees nie, ongeag van wat met julle gebeur, **want dan sal julle baie duidelik My beskerming ervaar**. Want die tyd wat daarna kom, sal die laaste kort uitstel wees waartydens almal in staat sal wees **om vir My te werk**.

En dan moet hy in staat wees om met oortuiging vir My op te kom en hy sal dit ook doen, omdat hy My so duidelik kan ervaar dat hy My nou getrou toegedaan sal wees tot aan die einde. Amein.